



RIGLYNE VIR DIE INDIENING VAN GRONDGEBRUIKAANSOEKE

AANSOEKVOORSKRIFTE

Hierdie voorskrifte moet deurgelees word **voordat** die vorm ingevul word.

1. Algemene Opmerkings

- 1.1. Tensy die aansoeker anders versoek, sal alle korrespondensie met betrekking tot hierdie aansoek gevoer word in die taal waarin die aansoekvorm ingevul is.
- 1.2. Aansoekers se aandag word spesifiek gerig op die volgende aanbevelings van die Parlementêre Kommissie van Ondersoek na Dorpstigting en Verwante Aangeleenthede (Venter Kommissie) wat deur die Kabinet aanvaar is:
 - 1.2.1. Foutiewe en onvolledige aansoeke moet summier teruggestuur word aangesien sodanige aansoeke verdragings in die hand werk en ook ontwikkelaars wat wel deeglike aansoeke opstel, benadeel.
 - 1.2.2. Ontwikkelaars moet self meer betrokke wees by hul aansoeke en moet toesien dat hul eie personeel of instansie wat namens hul optree, nie die proses onnodig vertraag nie.
 - 1.2.3. Aansoekers moet daarop let dat tot tyd en wyl 'n aansoek skriftelik goedgekeur is, enige korrespondensie of samesprekings wat ten opsigte van hierdie aansoek gevoer is, nie beskou moet word as 'n aanduiding dat dit wel goedgekeur sal word en die Premier of plaaslike owerheid geensins bind nie.
 - 1.2.4. Die Premier behou die reg voor om enige goedkeuring wat op die verkeerde inligting van 'n aansoeker gebaseer is, nietig te laat verklaar. Aansoekers moet dus verseker dat alle inligting ten opsigte van beperkende aspekte wat die aansoek kan beïnvloed, verstrek word.

2. Indiening van 'n Aansoek

Die aansoek moet in duplikaat (verdere afskrifte kan aangevra word vir verspreiding) by die plaaslike owerheid in wie se regsgebied die grondeenheid geleë is, tesame met al die vereiste aanhangsels, ingedien word. Waar daar beoog word om die grond by die regsgebied van 'n munisipaliteit in te lyf, moet die aansoekvorm ook by die betrokke munisipaliteit ingedien word.

Die regulasies uitgevaardig in terme van Artikel 47(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) bepaal dat alle inligting verstrek, korrek en voldoende moet wees om die oorweging van die aansoek moontlik te maak.

Dus, die volgende dokumente moet hierdie aansoek vergesel:

- i Landmeter-Generaal Erf diagram
- ii Afskrif van Titelakte en/of Aktebesorgersertifikaat (indien van toepassing)
- iii Toestemming van Verbandhouer (Bank)
- iv Volmag (indien aansoeker nie die geregistreerde eienaar is nie)
- v Liggingsplan (A4)
- vi Terreinontwikkelingsplan (A4 of A3 grootte met kontoere, indien van toepassing)
- vii Volledige motiveringsverslag (sien minimum riglyne soos per paragraaf 5 van voorskrifte)
- viii Gesertifiseerde 1:50 jr vloedlyn sertifikaat (indien nodig)
- ix Bevestiging dat 'n aansoek in terme van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 of die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 nie nodig is nie. (Indien nodig)

3. Voorafskakeling met ander Instansies

Waar 'n ontwikkelaar bewys kan lewer dat 'n instansie tevrede is met 'n plan of voorstel deur byvoorbeeld 'n endossement op die plan of 'n brief van die instansie te toon, sal sodanige instansie nie noodwendig weer om kommentaar genader word nie. Voorafskakeling met belanghebbende instansies word sterk aangemoedig, en aansoeke sal op die manier bespoedig word.

'n Lys van al die verskillende owerhede en instansies wat betrokke is by ontwikkeling, tesame met die name, telefoonnummers en adresse van kontakpersone by elke instansie met wie in verbinding getree kan word, is beskikbaar by die plaaslike owerhede.

4. Planne en Kaarte

Die volgende planne en kaarte moet die aansoeker tesame met die inligting wat hieronder vermeld word, vergesel:

4.1. Streekskaart

'n Duidelik leesbare A3 of 'n A4 grootte-afskrif van die 1 : 50 000-topokadastrale kaartreëls vir die gebied waar die grondeenheid ten opsigte waarvan daar aansoek gedoen word geleë is, moet ingedien word waarop die volgende detail aangetoon is:

- i ware noord, sleutel en opskrif "Streekskaart";
- ii die nommer van die betrokke topokadastrale kaart;
- iii die grense van die grondeenheid wat by die aansoek betrokke is, moet duidelik omlin wees;
- iv enige ander toepaslike gegewens.

4.2. Liggingskaart

Alle aansoeke moet vergesel wees van een kopie (of meer indien daar met geen

instansie vooraf in aanraking gekom is nie) van 'n liggingskaart op internasionale papier grootte A4 of A3 verkieslik op 'n skaal van 1 : 10 000 is (of indien dit nie moontlik is nie, op 'n skaal van ongeveer dieselfde grootte). Indien 'n ortofoto beskikbaar is, kan 'n afskrif hiervan as liggingskaart dien. Die kaart moet die volgende detail aantoon:

- i die skaal, ware noord, sleutel en opskrif "Liggingskaart";
- ii erfgrense met erf- of plaasnommer daarop;
- iii grootte en ligging van die betrokke gedeelte;
- iv straatname en ligging van bestaande geboue op die betrokke grondeenheid en op direk aangrensende grondeenhede;
- v paaie, met aanduiding of dit hoof-, groot-, nasionale of provinsiale paaie is;
- vi plaaslike owerheidsgrense, naaste dorpe, ens;
- vii enige fisiese beperkinge op die grondeenheid of omliggende grondeenhede wat die aansoek kan beïnvloed;
- viii enige ander toepaslike gegewens.

4.3. Grondgebruikkaart

As die grondgebruik / sonering van die plaaslike owerheid se regsgebied nog nie ten volle op kaart gestel is nie, of indien die grondgebruike van die betrokke omgewing verskil van die grondgebruik waarvoor aansoek gedoen word, moet die hersoneringsaansoek vergesel wees van een kopie van 'n grondgebruikkaart op A4 of A3 papier. Die kaart moet die volgende aantoon:

- i die skaal, ware noord, sleutel en opskrif "Grondgebruikkaart";
- ii alle grondgebruike rondom die betrokke grondeenheid, binne 'n radius van ten minste 500 m;
- iii voorsien plan van volledige sleutel om grondgebruike aan te dui.

4.4. Uitlegplan

'n Uitlegplan moet ingedien word op A3 of A4 grootte papier op een van die volgende skale: 1 : 500; 1 : 1 000; 1 : 2 000 of 1 : 2 500, en moet die volgende aantoon:

- i die skaal, ware noord, sleutel en opskrif "Uitlegplan" asook die nommer van die plan (wysigings van die plan moet daaropvolgende nommers hê);
- ii kontoere met 1 m tot 5 m hoogteverskille tot buite die uitleggrens as ook alle gebiede steiler as 1 : 4;
- iii Alle bome op die eiendom en in die padreserwe;
- iv 1 : 50 jaar en 1:100 jaar vloedlyn, indien van toepassing;
- v ander fisiese beperkinge wat die uitleg kan beïnvloed (byvoorbeeld kranse, moerasse, duine, ensovoorts);
- vi bestaande geboue op die grondeenheid en op direk aangrensende grondeenhede;
- vii paduitleg op aangrensende grondeenhede.

Alle aansoeke vir hersonering tot 'n onderverdelingsgebiede en aansoeke waar die detail van die aansoek belangrik is vir die goedkeuring van die aansoek (bv. hersonering vir hipermarkte, vakansieoorde, groepsbhuising, nywerheidsontwikkelings, ensovoorts)

moet vergesel wees van ten minste een kopie (of meer indien daar met geen instansies vooraf in aanraking gekom is nie) van 'n uitlegplan.

5. Motiveringsverslag

'n Volledige motiveringsverslag wat die wenslikheid van die voorgenome grondgebruiksverandering bespreek, moet aangeheg word. Die omvang van hierdie verslag sal verskil van aansoek tot aansoek, afhangende van die sensitiwiteit van die omgewing en die grootte van die beoogde ontwikkeling. Die volgende riglyne geld ten opsigte van sodanige motivering:

5.1. Wenslikheid

Die begrip "wenslikheid" in die konteks van grondgebruikbeplanning kan gedefinieer word as die mate van aanvaarbaarheid van die grondgebruik(e) op die betrokke grondeenheid. Bespreek die wenslikheid van die beoogde gebruiksverandering aan die hand van die volgende aspekte:

i Fisiese eienskappe van die eiendom

Die verwagte invloed van die voorgestelde grondgebruiksverandering en enige wysiging van die fisiese eienskappe, moet bespreek word. Die fisiese eienskappe sluit in topografie (hellings), geologiese formasies, grondeienskappe en diepte van onderliggende rotsformasies, mikroklimaat, plantegroei (byvoorbeeld indringerplante), vloedvlaktes en vloedlyne, watertafels, fonteine, dreineringspatroon, unieke ekologiese habitats en sensitiewe gebiede, bestaande opgevolde gebiede en gruisgroewe, drapotensiaal van die gebied, ensovoorts.

ii Bestaande beplanning in die gebied

Bespreek hoe die beplande grondgebruiksverandering by bestaande beplanning ten opsigte van die gebied inpas, aan die hand van gidsplanne, struktuurplanne, ensovoorts.

iii Karakter van die omgewing

Bespreek die versoenbaarheid van die voorgestelde gebruiksverandering met die tipes grondgebruike in die omgewing, die woondigtheid (byvoorbeeld erfgrottes), historiese, argitektoniese of bewarenswaardige gebiede, natuurlike bates, hoeveelheid gemeenskapsfasiliteite, privaatheid van bure, straattonele, uitsig, ensovoorts.

iv Die potensiaal van die eiendom

Bespreek die potensiaal van die eiendom vir ander gebruike, byvoorbeeld landbou (in 'n bestaande landbougebied) / bewaring (van natuurlike en stedelike omgewings) / mynbou (byvoorbeeld is daar enige ekonomies ontginbare minerale op die eiendom) / ontspanning (veral langs die kus) en hoe hierdie voorstel die potensiaal beïnvloed.

v Die ligging en toeganklikheid van die eiendom

Bespreek die toeganklikheid van die eiendom ten opsigte van bestaande stedelike ontwikkeling, die hoofpadnetwerk en ander infrastruktuur asook die invloed van addisionele verkeer, indien enige, op die omgewing. In die geval van 'n hersonering tot onderverdelingsgebied moet die beskikbaarheid van grondeenhede met soortgelyke eienskappe en die verwagte tempo van ontwikkeling van sodanige eenhede ook bespreek word.

vi Voorsiening van Dienste

Bespreek die moontlikheid van dienstevoorsiening (is daar enige probleme daarmee?), watter tipe dienste voorsien sal word, wat die koste van die voorsiening sal wees en of dit wenslik is om die tipe dienste te voorsien (byvoorbeeld wat die invloed daarvan op die natuurlike omgewing sal wees), moontlike besoedeling, ensovoorts.

vii Die konstruksiefase van die voorstel

Bespreek hoe lank die konstruksiefase sal duur, of enige tydelike strukture opgerig sal moet word (byvoorbeeld werkerskampe; waar konstruksiemateriaal verkry sal word byvoorbeeld van gruisgroewe op die eiendom), of enige platstoot van duine, enige uitgrawings, opvullings, verwydering van plantegroei, ensovoorts, beoog word, en wat die omvang daarvan sal wees, waar konstruksiemateriale opgeberg sal word, en of enige skade aan die natuurlike omgewing herstel sal word of nie (byvoorbeeld deur terreinverfraaiing).

5.2. Vorm van die detailuitlegplan

Die hoeveelheid detail wat op die uitlegplan aangetoon word, moet ooreenkomstig dié wat vir 'n delegasiestruktuurplan vereis word, wees, en sal verskil van plaaslike owerheid tot plaaslike owerheid, afhangende van die kategorie waarin die plaaslike owerheid ingedeel is. Wat ook al die hoeveelheid detail, die vorm van die detailuitleg moet gemotiveer word aan die hand van die volgende aspekte:

i Inherente eienskappe van die terrein

Bespreek hoe inherente fisiese eienskappe en mensgemaakte hoedanighede van die terrein gehanteer word aan die hand van byvoorbeeld bestaande infrastruktuur, omliggende grondgebruike, beperkinge.

ii Voorsiening van gemeenskapsfasiliteite en oopruimte

Bespreek die hoeveelheid, groottes en plasing van sodanige fasiliteite, die bruikbaarheid van oopruimtes, hoe oopruimtes inpas by 'n bestaande of beplande oopruimtestruktuur, hoeveel oopruimte per 1 000 persone voorsien gaan word, ensovoorts.

iii Padinfrastruktuur

Bespreek die hiërargie en breedtes van paaie, die lang- en dwarshellings, die inskakeling by bestaande padinfrastruktuur, die invloed van die padnetwerk op ander infrastruktuur (bv. dreinerings, riolering), die toeganklikheid van die onderskeie grondeenhede asook die moontlike skeiding van voetganger- en motorverkeer.

iv Plaaslike besighede en hoëdigheidsbehuising

Bespreek die groottes en plasing van persele, die voorgestelde sonerings daarvan, die invloed van hierdie voorgestelde sonerings op omliggende grondeenhede, verkeersvloei en oopruimtevoorsiening.

5.3. Foto's

Indien moontlik, moet foto's van die gebied onder aansoek ingedien word om sekere aspekte van die aansoek toe te lig.

6. Titelvoorwaardes

'n Afskrif van die transportakte ten opsigte van die eiendom(me) moet die aansoek vergesel.

7. Omgewingsgoedkeuring

Waar aktiwiteite gelys is in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbewaring, 1998 (Wet 103 van 1998) (NEMA) (soos gewysig), moet goedkeuring eers verkry word van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (Provinsiale Regering: Wes-Kaap) voordat 'n grondgebruikaansoek afgehandel kan word.

8. Erfenisgoedkeuring

Waar aktiwiteite gelys is in terme van Artikels 34 en 38(1) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) (soos gewysig), moet goedkeuring eers verkry word van Erfenis: Wes-Kaap (Provinsiale Regering: Wes-Kaap) voordat 'n grondgebruikaansoek afgehandel kan word.

9. Goedkeurings van ander owerhede en statutêre liggame

Hierdie aansoek stel die aansoeker nie vry van enige ander wetlike vereistes, indien daar enige ander wette is waaraan voldoen moet word of enige instansie se goedkeuring wat vir die voorgestelde ontwikkeling verkry moet word nie.

10. Prosessering van grondgebruikaansoeke


In terme van regulasies geproklameer in terme van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985, is die plaaslike owerheid veronderstel om grondgebruikaansoeke (soos gedelegeer in terme van die Algemene Struktuurplan) **binne 'n periode van sewe maande** af te handel, bereken vanaf die datum dat die aansoek voldoen aan die minimum vereistes soos genoem hierbo. Hierdie periode sluit uit enige tyd wat die aansoek deur die aansoeker vertraag is, waar addisionele inligting gevra is of waar volmag of goedkeuring van 'n ander instansie of owerheid afgewag is.

VERDERE NAVRAE KAN VERWYS WORD NA:

Stadsbeplanningsafdeling: George Munisipaliteit

Posbus 19, George, 6530

Tel: 044-801 9477 / Faks: 044-801 9432 / E-pos: stadsbeplanning@george.org.za



MUNISIPALITEIT
Wes Kaap

UMASIPALA WASE
Intshona - Koloni

MUNICIPALITY
Western Cape

Posbus / P.O.Box 19 George 6530 Tel: 044 - 8019111 Fax: 044 - 8733776

**AANSOEK OM GRONDGEBRUIKSVERANDERING INGEVOLGE DIE
ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985 (ORD 15 VAN 1985)**

(Lees asseblief eers die **VOORSKRIFTE** aangeheg hierby, **VOORDAT** die vorm ingevul word).

(Merk toepaslike met X)

<input type="checkbox"/>	HERSONERING TOT ONDERVERDELINGSGBIED ingevolge Artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ord. 15 van 1985), hierna die Ordonnansie genoem, soos vereis in Artikel 22(1)(a) van die Ordonnansie.
<input type="checkbox"/>	HERSONERING ingevolge Artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ord. 15 van 1985) wat nie 'n hersonering tot onderverdelingsgebied behels nie.
<input type="checkbox"/>	AFWYKING ingevolge Artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ord. 15 van 1985).
<input type="checkbox"/>	TYDELIKE AFWYKING ingevolge Artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ord. 15 van 1985) .
<input type="checkbox"/>	SONERING, ONDERVERDELING & GEBRUIK VAN GROND VIR NYWERHEIDSDOELEINDES ingevolge die Wet op Fisiese Beplanning, 1991 (Wet 125 van 1991).
<input type="checkbox"/>	VERGUNNINGSGEBRUIK ingevolge Regulasie 4.6 van PK 1048/1988 of ingevolge Regulasie 2.5 van PK 1047/1988.
<input type="checkbox"/>	WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES in terme van Artikel 42(3) van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985).
<input type="checkbox"/>	ONDERVERDELING in terme van Artikel 24 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985).
<input type="checkbox"/>	VERLENGING VAN GOEDKEURINGSTYDPERK in terme van die toepaslike artikels van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ord. 15 van 1985).
<input type="checkbox"/>	GOEDKEURING / WYSIGING VAN STRUKTUURPLAN in terme van Artikel 4 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ord. 15 van 1985).
<input type="checkbox"/>	<u>STRYDIGHEIDSHEFFING</u> in terme van Artikel 40 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, 1985 (Ord. 15 van 1985).
<input type="checkbox"/>	KANSELLASIE / WYSIGING VAN ALGEMENE PLAN (nie in terme van die Ordonnansie nie).

1. PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN AANSOEKER

1.1 Naam van persoon of firma aan wie korrespondensie gerig moet word:

.....

Adres:

.....Poskode:

Telefoonnommer:

Selnommer:

Faksnommer:

E-pos:.....

1.2 Is die aansoeker ook die geregistreerde eienaar van die betrokke eiendom?

Ja	Nee
----	-----

Indien nie, heg 'n volmag van die geregistreerde eienaar(s) by die aansoek aan. Dit geld ook indien die persoon wat aansoek doen, nog besig is om die grondeenheid te verkry en indien die grondeenheid deur 'n maatskappy of meer as een persoon besit word.

1.3 Naam/name van geregistreerde eienaar(s):

.....

1.4 Word die eiendom deur 'n verband beswaar?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, heg die verbandhouer se toestemming by die aansoek aan.

2. BESONDERHEDE VAN GRONDEENHEID

Geregistreerde eiendomsbeskrywing ingevolge titelakte(s)

Nommer en datum van titelakte:

Straatadres (indien van toepassing):

Dorp/Area:

Eiendoms grootte:

Huidige gebruik en verbeterings:

Huidige sonering:

Is enige afwykings ingevolge Artikel 15 van Ordonnansie 15 van 1985 op die grondeenheid van toepassing?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, gee 'n volledige uiteensetting:

.....

3. BESONDERHEDE VAN AANSOEK

3.1 Is hierdie aansoek bestaanbaar met die Struktuurplan vir die area?

3.2 Aard van Aansoek

Beskryf die grondgebruik waarvoor aansoek gedoen word kortliks: (spesifiseer bv aantal eenhede, groottes van voorgestelde onderverdeling, ens.).

.....
.....
.....
.....
.....

3.3 Motivering (Heg 'n volledige gedrukte motiveringsverslag aan)

- In hierdie verband moet daar veral op die volgende gelet word: (Verwys na voorskrifte vir motiveringsverslag onder paragraaf 5.)
- ~ Of die voorstel sal inpas by die bestaande beplanning en die omliggende grondgebruike van die gebied.
- ~ Die invloed wat die voorstel sal hê op die omgewing.
- Die invloed wat die voorstel sal hê op die verkeer- en/of parkeersituasie van die gebied.
- Die invloed wat die voorstel sal hê op omliggende fasiliteite soos skole, oop ruimtes en ander gemeenskapsfasiliteite indien die aansoek sou lei tot 'n toename in inwonertal van die gebied.
- Die invloed wat die voorstel sal hê op die bestaande karakter van die omgewing en die regte van mense ten opsigte van eiendomswaardes, privaatheid, uitsig, sonlig, ensovoorts.
- Die voorsiening van dienste.

3.4 Die grootte van die struktuur/eiendom/eiendomsgedeelte wat vir die doel aangewend gaan word, moet aangedui word.

..... ha/m²

3.5 Die ligging van die struktuur/gedeelte van die eiendom wat vir die doel aangewend gaan word, moet aangedui word aan die hand van sketsplanne wat aangeheg moet word. (Verwys na paragraaf 4 van die voorskrifte)

3.6 Word daar om 'n afwyking aansoek gedoen ten einde 'n tydelike gebruiksverandering op die grondeenheid te bewerkstellig?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verduidelik hoekom hersonering nie oorweeg word nie en motiveer die voorgestelde termyn van die afwyking.

.....
.....

4. BEPERKENDE FAKTORE

4.1 Bestaan daar enige voorwaardes in die titelakte(s) van die betrokke eiendom/me wat die voorgestelde gebruik belet en dus opgehef moet word ingevolge die Wet op die Opheffing van Beperkinge, 1967 (Wet 84 van 1967)? ('n Aktebesorgersertifikaat kan deur die Raad aangevra word).

Ja	Nee
----	-----

Indien ja, spesifiseer die beperking soos per Titelakte:

.....
.....

Heg afskrif van Titelakte aan (‘n Aktebesorgersertifikaat kan ook ingedien word).

- 4.2 Bestaan daar na u wete enige ander beperkende faktore wat die voorgestelde gebruiksvanverandering kan belemmer?

Ja	Nee
----	-----

Indien ja, spesifiseer die beperkings:

.....
.....

5. MOONTLIKE VERWYSING NA ANDER INSTANSIES

- 5.1 Is enige gedeelte van die grondeenheid onderhewig aan getywerking of onder die hoogwatermerk geleë?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek besonderhede:

.....
.....

- 5.2 Is enige gedeelte van die grondeenheid in ‘n vloedvlakte van ‘n rivier onder die in-50-jaarvloedlyn geleë of onderhewig aan enige oorstromings?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek besonderhede [verwys ook na artikel 169A van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956)]:

.....
.....

- 5.3 Is daar enige verdere beperkinge waarvan u bewus is wat nie hierbo genoem is nie?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek volle besonderhede:

.....
.....

- 5.4 Ressorteer die aansoek binne die gebied beskryf in ‘n struktuurplan ingevolge artikel 37 van die Wet op Fisiese Beplanning, 1991 (Wet 125 van 1991)?

Ja		Nee
----	--	-----

Indien wel, is die aansoek bestaanbaar met die strukturplanvoorstelle?

Ja		Nee
----	--	-----

Motiveer antwoord:

.....
.....

5.5 Is die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (Wet 70 van 1970) op die aansoek van toepassing?

Ja	Nee
----	-----

5.6 Grens die grondeenheid aan die regsgebied van 'n ander plaaslike owerheid of het enige ander plaaslike owerheid belang by hierdie aansoek?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek die naam van die plaaslike owerheid en sy belang by die aansoek:

.....
.....

5.7 Grens die grondeenheid aan 'n nasionale, groot- hoof- of afdelingspad of sodanige voorgestelde pad?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek volle besonderhede (met inbegrip van status van pad en volle wetlike breedte):

.....

5.8 Grens die grondeenheid aan of word die grondeenheid beïnvloed deur 'n spoorlyn, stasie of lughawe?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek besonderhede:

.....

5.9 Is daar enige bewarenswaardige geboue/ grafte/ rotstekeninge/ argeologiese fondse op die grondeenheid (met inbegrip van die wat nie as nasionale gedenkwaardighede verklaar is nie)?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek besonderhede:

.....

5.10 Is daar enige inheemse of volwasse bome op of in die onmiddelijke omgewing van die grondeenheid / in die padreserwe aangrensend aan die grondeenheid wat moontlik verwyder moet word?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek besonderhede:

.....
.....

5.11 Is daar enige ander goedkeuring of toestemming wat van enige ander owerheid, statutêre liggaam of staatsorgaan verkry moet word voordat die aansoek afgehandel kan word?

Ja	Nee
----	-----

Indien wel, verstrek besonderhede:

.....
.....

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat al die inligting wat in hierdie deel van die vorm verskyn, asook die inligting in die aanhangsels, korrek en volledig is en dat die aansoek verstaan word.

VOLLE NAAM.....

HANDTEKENING.....

DATUM